NASPERS BEPERK
In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer
(Registrasienommer: 1925/001431/06)
("Naspers")
JSE-aandeelkode: NPN ISIN: ZAE000015889
LSE-aandeelkode: NPSN ISIN: US 6315121003

Voorlopige verslag

Opsomming van die geouditeerde resultate van die Naspers-groep vir die jaar geëindig 31 Maart 2014

Watter soort besigheid bou ons?

'n Multinasionale groep van e-handels- en mediaplatforms.

Kommentaar

Dit was 'n lewendige jaar vir die Naspers-groep, met vordering in verskeie ondernemings. Die finansiële resultate word hieronder uiteengesit, maar kortliks gestel het ons robuuste gekonsolideerde omsetgroei van 26% behaal, wat hoofsaaklik van die internet- en betaaltelevisie-ondernemings afkomstig was. Hierdie groei is aangevuur deur ontwikkelingsbesteding van R7,7mjd – 79% meer as verlede jaar – wat veral aan e-handel en digitale terrestriële televisie (DTT) gewy is. Soos voorheen gewaarsku is, het hierdie uitbreidingsbesteding meegebring dat kernverdienste tot R8,6mjd beperk is – min of meer dieselfde as verlede jaar.

Vooruitskouend, behoort ons gevestigde ondernemings steeds in die geheel positiewe kontantvloei te toon, winsgewend te wees en te groei. Ons doel is om in nuwe ondernemings te belê wat oor die lang termyn waarde sal lewer. Met die oog hierop sal ons steeds sterk belê om organiese groei te verkry, en moontlik ook nuwe ondernemings binne ons fokusgebiede verkry. Ons is van mening dat ons met 'n kombinasie van aantreklike markte en produkreekse vir klante – soos aanlyn- geklassifiseerde advertensies, e-kleinhandel en DTT – 'n realistiese vooruitsig vir groei oor die medium termyn sal hê.

Hoewel aggressiewe belegging vir die lang termyn verdienste en kontantvloei oor die kort termyn beperk, glo ons dat dit 'n gesonde strategie is. Ons mikpunt is om oor die langer termyn voortreflike waarde aan ons aandeelhouers te verskaf, en om by te dra tot die gemeenskappe waarin ons werk.

FINANSIËLE OORSIG

Gekonsolideerde omset het met 26% tot R62,7mjd gestyg, grotendeels ondersteun deur groei in ons internet-ondernemings. Nog 'n bydraende faktor was die feit dat die rand gedurende die tydperk met gemiddeld 19% verswak het teenoor 'n mandjie van die belangrikste geldeenhede waarin ons sake doen. Die uitbreiding van ons e-handels- en DTT-ondernemings het meegebring dat ontwikkelingsbesteding met 79% tot R7,7mjd versnel is (2013: R4,3mjd).

Netto rentekoste op lenings het tot R1,261mjd gestyg (2013: R636m), as gevolg van randdepresiasie sowel as groter lenings om verkrygings en groei te befonds.

Tencent en Mail.ru het sterk groei aangeteken. Ons aandeel van ekwiteitsverantwoorde resultate sluit eenmalige winste van R2,9mjd uit Mail.ru se verkoop van aandele in Facebook en Qiwi in, asook wins uit Tencent se samesmelting van sommige van sy e-handelsondernemings met JD.com en die verkoop van sy belang in ChinaVision. Hierdie eenmalige wins is nie by kernwesensverdienste ingesluit nie.

'n Waardedalingsverlies van R1,6mjd is in ander winste/verliese erken en hou hoofsaaklik verband met blitsverkope-modeondernemings in ons e-handelsegment, waaronder FashionDays, Brandsclub en Markafoni. Nadat hulle nie hul doelwitte gehaal het nie, het ons die klandisiewaarde en ander ontasbare bates in die eerste helfte van die jaar afwaarts aangepas. Hierbenewens is ons belegging in die geassosieerde maatskappy Abril ten volle afgeskryf in die huidige jaar. Dit is die hoofitem wat ingesluit is by die waardedaling in ekwiteitsverantwoorde beleggings.

'n Ietwat teoretiese verwateringsverlies van R852m is op ons ekwiteitsverantwoorde beleggings erken, hoofsaaklik toe te skryf aan Tencent se terugkoop van sy eie aandele.

Ons beskou jare lank ons kernwesensverdienste as die mees betroubare aanwyser van volhoubare bedryfsprestasie beskou. Hierdie maatstaf was die afgelope jaar effens hoër op R8,6mjd – R21,81 per N- gewone aandeel. Vrye kontantvloei vir die tydperk was 'n uitvloei van R349m – grotendeels as gevolg van kapitaalbesteding aan DTT-netwerke en die versnelde ontwikkelingsbesteding.

Gekonsolideerde hefboomfinansiering op die balansstaat is 23%. Dit sluit transpondeerderbruikhuur- en nie-rentedraende verpligtinge uit.

Die maatskappy se eksterne ouditeur het nie vooruitskattings in hierdie voorlopige verslag geouditeer, nagegaan of daaroor verslag gedoen nie.

SEGMENTELE OORSIG

Hierdie segmentele oorsig sluit ons gekonsolideerde filiale en 'n proporsionele konsolidasie van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings in.

Internet

Ons internet-eenhede het sterk groei getoon. Totale segment-omset het met 65% tot R57mjd gestyg. Die versnelling van ontwikkelingsbesteding het meegebring dat handelswins stadiger gegroei het – met 8% tot R6,6mjd. Ons internetbedrywighede is vinnig besig om ondernemings met 'n fokus op mobiele media te word.

Tencent

Tencent het goed gevaar in 'n dinamiese en uiters mededingende Chinese mark. 'n Verskuiwing in gebruiker-verkeer van rekenaars na mobiele toestelle stimuleer wesenlike veranderings regoor verskillende sektore van die Chinese internetbedryf, insluitend kommunikasie, sosiale netwerke, aanlynspeletjies, media en e-handel.

Tencent het sy leiersposisie ten opsigte van kommunikasie en speletjies in China gekonsolideer en sy e-handelsposisie versterk. Omset vir die jaar was 38% hoër op RMB60mjd, terwyl nie-AARP-wins toeskryfbaar aan aandeelhouers met 19% tot RMB17,1mjd gestyg het.

Die kernplatforms *QQ* IM (*QQ* instant messaging), *Qzone* (die voorste sosiale netwerkdiens-platform in China) en *Weixin* ('n volgende-generasie kommunikasiediens vir slimfone) het stewig gegroei. Op 31 Maart 2014 het *QQ* IM 848m maandelikse aktiewe gebruikerrekeninge en 200m gelyktydige spitstyd-gebruikerrekeninge gehad, terwyl *Qzone* 644m maandelikse gebruikerrekeninge gehad het. *Weixin*, wat internasionaal bekend is as *WeChat*, het 'n gekombineerde 396m maandelikse aktiewe gebruikers gehad en beklee 'n uitstekende markposisie in China, terwyl dit van 'n suiwer kommunikasiediens in 'n multifunksionele platform ontwikkel.

In die rekenaarspeletjie-mark het Tencent ses van die top tien speletjies in China uitgegee, terwyl Riot Games se *League of Legends* in internasionale markte gegroei het. Omset uit aanlynspeletjies en sosiale netwerke het ook baat gevind by slimfoonspeletjies wat met die mobiele *QQ*- en *Weixin*-platforms geïntegreer is.

Twee transaksies sal Tencent se soek- en e-handelsondernemings uitbrei:

- In 'n strategiese vennootskap met Sohu het Tencent belê in Sogou en sy SoSo-soekbesigheid en sekere ander bates met Sogou saamgesmelt in ruil vir 'n belang van 36,5%.
- In Maart 2014 het Tencent die *Paipai* verbruiker-na-verbruiker- (C2C) en *Wanggou* besigheid-na-verbruiker- (B2C) markondernemings met JD.com laat saamsmelt in ruil vir 'n belang van 15%. 'n Strategiese samewerkingsooreenkoms is ook aangegaan waarvolgens Tencent die groei van JD.com verder sal ondersteun.

Mail.ru

Mail.ru het goeie resultate met groei in al die groot segmente behaal. Omset vir 2013 was RBL27mjd (30% hoër op 'n jaargrondslag), terwyl die groep se totale netto wins met 36% tot RBL11,4mjd gestyg het.

Mail.ru het kontekstuele advertensie-inkomste opgestoot terwyl hy steeds algemene vertoonadvertensies deur teikenadvertensies vervang het. Aanlynspeletjies en internetwaardetoevoegingsdienste (IVAS) het goed gevaar. Omset vir massiewe multispeler-aanlynspeletjies het jaar tot jaar met 41% gegroei tot RBL6,7mjd, terwyl *Warface* ten opsigte van beide gebruikers en omset momentum gekry het. IVAS het jaar tot jaar met 29% tot RBL8,7mjd gestyg. Maandeliks betalende gebruikers het 7,6m bereik. In 2013 is talle produkte bygewerk en nuwe produkte bekend gestel, insluitend wolkgebaseerde dienste.

e-Handel

Omset uit al ons e-handelsaktiwiteite het die afgelope jaar sterk gegroei en met 64% tot R20,3mjd gestyg. e-Handel is 'n uitbreidingsegment en ons het ontwikkelingsbesteding van sowat R5,6mjd hiervoor aangegaan. As gevolg hiervan het die handelsverlies vir hierdie segment tot R5,3mjd gestyg.

Die Allegro-markbesigheid en sommige geklassifiseerde advertensie- en prysvergelykingsondernemings het hul winsgewendheid verbeter. Ons het ons aanlyn-kleinhandelsonderneming, wat ook sterk organiese groei aangeteken het, uitgebrei.

Daar is gefokus op aanlyn- geklassifiseerde advertensies, waar ons werwe in ongeveer 40 lande in Oos-Europa, Asië, Afrika, Latyns-Amerika en die Midde-Ooste besit en bedryf. Talent en vervulling het verbeter.

Vordering hiermee het daartoe gelei dat daaglikse bladlese op verskeie geklassifiseerde advertensiewerwe met 200% tot 429m gestyg het, en mobiele verkeer en interaksie het toegeneem. Verskeie markte het groter vastrapplek gekry en vinniger as mededingers gegroei. Ons is besig om beleggings te versnel om uit hierdie momentum munt te slaan.

Ons betalingsondernemings het gegroei. Ervare bestuurders is in verskeie poste aangestel. Ons hoop om dit in die jare vorentoe tot 'n beduidende onderneming uit te brei.

Ons prysvergelykingsonderneming het omsetgroei aangeteken. Die eenhede in Latyns-Amerika, Afrika, Middel- en Oos-Europa is in 'n globale struktuur saamgevoeg.

Betaaltelevisie

Ons betaaltelevisie-onderneming het omsetgroei behaal. Intekenare het met 1,3m huishoudings toegeneem, wat die basis op meer as 8m huishoudings in 50 lande in Afrika suid van die Sahara te staan bring.

Omset het met 20% tot R36,3mjd gegroei. Beleggings in DTT-dienste het handelswins teen 'n stadiger tempo met 13% tot R8,5mjd laat styg. DTT-dekking is uitgebrei en DTT dek nou agt lande en 92 stede.

Ons gaan voort met ons belegging in aanlyndienste en die uitbreiding daarvan op selfone, tablette en rekenaars, en ons het 'n verbeterde persoonlike video-opnemer geloods.

Drukmedia

Die drukmediasegment het 'n strawwe jaar gehad, met onveranderde omset en dalende marges. Media24 het beskeie omsetgroei van 1% getoon, maar handelswins het met 7% gedaal. Abril het 'n swak jaar gehad, terwyl omset gedaal het en herstrukturering nie vinnig genoeg plaasgevind het nie. Ons fokus op aanlyn-/mobiele media en nuus het gehore en interaksie laat groei.

DIVIDEND NOMMER 85

Die direksie beveel aan dat die jaarlikse bruto dividend met 10% tot 425c (voorheen 385c) per genoteerde N- gewone aandeel verhoog word, en 85c (voorheen 77c) per ongenoteerde A- gewone aandeel. Indien dit by die algemene jaarvergadering op 29 Augustus 2014 deur aandeelhouers goedgekeur word, sal dividende betaalbaar wees aan aandeelhouers wat op Vrydag 19 September 2014 in die boeke aangeteken is, en betaal word op Maandag 22 September 2014. Die laaste dag van verhandeling met dividend is Vrydag 12 September 2014. (Die aandele sal dus sonder dividend verhandel vanaf Maandag 15 September 2014.) Aandelesertifikate mag nie vanaf Maandag 15 September 2014 tot Vrydag 19 September 2014, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerhermaterialiseer word nie.

Die dividend sal uit inkomstereserwes verklaar word. Geen SBM-krediete is beskikbaar om aangewend te word in hierdie verklaring nie. Die dividend sal dus onderhewig wees aan die dividendbelastingkoers van 15%, wat sal lei tot 'n netto dividend van 361,25c per genoteerde N- gewone aandeel en 72,25c per ongenoteerde A- gewone aandeel vir aandeelhouers wat nie van dividendbelasting vrygestel is nie. Die dividendbelasting sal 63,75c per genoteerde N- gewone aandeel bedra, en 12,75c per ongenoteerde A- gewone aandeel. Die uitreikte gewone aandelekapitaal soos op 20 Junie 2014 is 416 812 759 N- gewone aandele en 712 131 A- gewone aandele. Die maatskappy se inkomstebelasting-verwysingsnommer is 9550138714.

DIREKSIE

Soos voorheen gemeld, sal mnr Pacak (finansiële direkteur) op 30 Junie 2014 as finansiële hoof aftree, maar as 'n nie-uitvoerende direkteur in die direksie aanbly. Basil Sgourdos, tans finansiële hoof van Naspers, sal hom opvolg en as finansiële direkteur in die direksie aangestel word met ingang van 1 Julie 2014.

VOORBEREIDING VAN DIE VOORLOPIGE VERSLAG

Die finansiële resultate is opgestel onder toesig van ons finansiële direkteur, Steve Pacak, GR(SA). Hierdie resultate is op 23 Junie 2014 bekend gemaak.

Namens die direksie

Ton Vosloo
Voorsitter

Bob van Dijk
Uitvoerende hoof

Kaapstad
23 Junie 2014

Segmentele oorsig	Omset Jaar tot 31 Maart 2014 R'm	2013 (Herstateer) R'm	%-verandering
Internet	**57 018**	34 587	65
- Tencent	**34 256**	20 532	67
- Mail.ru	**2 407**	1 669	44
- e-Handel	**20 355**	12 386	64
Betaaltelevisie	**36 271**	30 257	20
Drukmedia	**11 692**	11 932	(2)
Segmentomset	**104 981**	76 776	37
Minus: Ekwiteitsverantwoorde beleggings	**(42 253)**	(26 907)	57
Gekonsolideer	**62 728**	49 869	26

Segmentele oorsig	EBITDA Jaar tot 31 Maart 2014 R'm	2013 (Herstateer) R'm	%-verandering
Internet	**8 540**	7 389	16
- Tencent	**12 232**	8 603	42
- Mail.ru	**1 286**	895	44
- e-Handel	**(4 978)**	(2 109)	>(100)
Betaaltelevisie	**10 370**	8 933	16
Drukmedia	**1 073**	1 167	(8)
Korporatiewe dienste	**(150)**	(138)	-
Segment-EBITDA	**19 833**	17 351	14
Minus: Ekwiteitsverantwoorde beleggings	**(13 442)**	(9 565)	41
Gekonsolideer	**6 391**	7 786	(18)

EBITDA is verdienste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie.

Segmentele oorsig	Handelswins Jaar tot 31 Maart 2014 R'm	2013 (Herstateer) R'm	%-verandering
Internet	**6 638**	6 163	8
- Tencent	**10 792**	7 702	40
- Mail.ru	**1 175**	798	47
- e-Handel	**(5 329)**	(2 337)	>(100)
Betaaltelevisie	**8 520**	7 559	13
Drukmedia	**606**	743	(18)
Korporatiewe dienste	**(151)**	(139)	-
Segmenthandelswins	**15 613**	14 326	9
Minus: Ekwiteitsverantwoorde beleggings	**(11 707)**	(8 414)	39
Gekonsolideer	**3 906**	5 912	(34)

Rekonsiliasie van handelswins na bedryfswins

	Jaar tot 31 Maart 2014 R'm	Jaar tot 31 Maart 2013 (Herstateer) R'm
Handelswins	**3 906**	5 912
Finansieringskoste op transpondeerder-bruikhuurkontrakte	**356**	231
Amortisasie van ontasbare bates	**(711)**	(996)
Ander netto winste/(verliese)	**(1 320)**	(735)
Retensie-opsie-uitgawe	**(132)**	(138)
Aandeel-vereffende aandeelskemakoste	**(81)**	(175)
Bedryfswins	**2 018**	4 099

Aantekening: Vir 'n rekonsiliasie van bedryfswins na wins voor belasting, sien die gekonsolideerde inkomstestaat.

Gekonsolideerde inkomstestaat

	Aan-teke-ninge	Jaar tot 31 Maart 2014 R'm	Jaar tot 31 Maart 2013 (Herstateer) R'm	%-ver-andering
Omset		**62 728**	49 869	26
Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop		**(35 416)**	(27 676)	
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes		**(23 974)**	(17 359)	
Ander netto winste/(verliese)		**(1 320)**	(735)	
Bedryfswins		**2 018**	4 099	(51)
Rente ontvang	6	**606**	443	
Rente betaal	6	**(2 466)**	(1 495)	
Ander netto finansieringsinkomste/(koste)	6	**(267)**	(258)	
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate	7	**10 835**	8 778	
- uitgesluit netto wins met verkoop van beleggings		**7 906**	6 130	29
- netto wins met verkoop van beleggings		**2 929**	2 648	
Waardedaling in ekwiteitsverantwoorde beleggings		**(1 201)**	(2 137)	
Verwateringsverlies van ekwiteitsverantwoorde beleggings		**(852)**	(96)	
Wins/(verlies) met verkrygings en verkope		**751**	(53)	
Wins voor belasting	8	**9 424**	9 281	2
Belasting		**(2 895)**	(2 533)	
Wins vir die jaar		**6 529**	6 748	(3)
Toeskryfbaar aan:				
Aandeelhouers van die groep		**5 751**	6 047	
Nie-beherende belang		**778**	701	
		6 529	6 748	
Kernwesensverdienste vir die jaar (R'm)	5	**8 616**	8 533	1
Kernwesensverdienste per N- gewone aandeel (sent)		**2 181**	2 216	(2)
Ten volle verwaterde kernwesensverdienste per N- gewone aandeel (sent)		**2 125**	2 164	(2)
Wesensverdienste vir die jaar (R'm)	5	**5 981**	6 630	(10)
Wesensverdienste per N- gewone aandeel (sent)		**1 514**	1 722	(12)
Ten volle verwaterde wesensverdienste per N- gewone aandeel (sent)		**1 475**	1 681	(12)
Verdienste per N- gewone aandeel (sent)		**1 456**	1 570	(7)
Ten volle verwaterde verdienste per N- gewone aandeel (sent)		**1 418**	1 533	(8)
Netto getal aandele uitgereik ('000)				
- aan einde van die jaar		**397 625**	394 272	
- geweegde gemiddelde vir die jaar		**395 078**	385 064	
- ten volle verwaterde geweegde gemiddelde		**405 469**	394 365	

Verkorte gekonsolideerde staat van omvattende inkomste

	Jaar tot 31 Maart 2014 R'm	Jaar tot 31 Maart 2013 (Herstateer) R'm
Wins vir die jaar	**6 529**	6 748
Totale ander omvattende inkomste netto van belasting vir die jaar*	**6 727**	1 527
Omrekening van buitelandse bedrywighede	**4 910**	5 292
Billikewaarde-verliese	**(7)**	–
Kontantvloeiskanse	**(204)**	237
Belang in ekwiteitsverantwoorde beleggings se ander omvattende inkomste en reserwes	**1 951**	(3 946)
Belasting op ander omvattende inkomste	**77**	(56)
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**13 256**	8 275
Toeskryfbaar aan:		
Aandeelhouers van die groep	**12 492**	7 463
Nie-beherende belang	**764**	812
	13 256	8 275

* Behalwe R552m (2013: R401m), wat in die Belang in ekwiteitsverantwoorde beleggings se ander omvattende inkomste en reserwes ingesluit is, kan hierdie komponente van ander omvattende inkomste in 'n toekomstige tydperk na die inkomstestaat herklassifiseer word.

Verkorte gekonsolideerde staat van veranderinge in ekwiteit

	Jaar tot 31 Maart 2014 R'm	Jaar tot 31 Maart 2013 (Herstateer) R'm
Saldo aan begin van die jaar	**55 853**	49 576
Veranderings in aandeelkapitaal en -premie		
Beweging in tesourie-aandele	**(17)**	(1 695)
Aandeelkapitaal en -premie uitgereik	**1 293**	2 067
Veranderings in reserwes		
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**12 492**	7 463
Beweging in aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**487**	441
Beweging in bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**(340)**	(700)
Beweging in waardasiereserwe	**–**	39
Direkte beweging in behoue verdienste	**23**	(98)
Dividende aan Naspers-aandeelhouers betaal	**(1 526)**	(1 291)
Veranderings in nie-beherende belang		
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**764**	812
Dividende aan nie-beherende aandeelhouers betaal	**(1 142)**	(1 180)
Beweging in nie-beherende belang in reserwes	**318**	419
Saldo aan einde van die jaar	**68 205**	55 853
Bestaande uit:		
Aandeelkapitaal en -premie	**16 337**	15 061
Behoue verdienste	**31 971**	27 723
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**5 082**	4 006
Bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**(1 065)**	(688)
Verskansingsreserwe	**(262)**	(175)
Waardasiereserwe	**3 005**	1 623
Buitelandse valuta-omrekeningsreserwe	**11 085**	6 191
Nie-beherende belang	**2 052**	2 112
Totaal	**68 205**	55 853

Verkorte gekonsolideerde staat van finansiële posisie

	Aan-teke-ninge	Jaar tot 31 Maart 2014 R'm	Jaar tot 31 Maart 2013 (Herstateer) R'm
Bates			
Nie-bedryfsbates		**100 212**	76 120
Eiendom, aanleg en toerusting		**17 053**	13 716
Klandisiewaarde	9	**25 811**	21 593
Ander ontasbare bates		**5 702**	4 802
Beleggings in geassosieerde maatskappye	10	**47 755**	32 767
Beleggings in gesamentlike ondernemings	10	**1 727**	620
Beleggings en lenings	10	**1 193**	1 808
Afgeleide finansiële instrumente		**2**	72
Uitgestelde belasting		**969**	742
Bedryfsbates		**28 390**	27 143
Voorraad		**2 882**	1 936
Program- en rolprentregte		**1 979**	1 868
Handelsdebiteure		**4 849**	4 042
Ander debiteure en lenings		**4 807**	3 149
Afgeleide finansiële instrumente		**209**	449
Kontant en kontantekwivalente		**13 664**	15 653
		28 390	27 097
Nie-bedryfsbates geklassifiseer as gehou-vir-verkoop		**-**	46
Totale bates		**128 602**	103 263
Ekwiteit en verpligtinge			
Aandelekapitaal en reserwes		**66 153**	53 741
Aandeelkapitaal en -premie		**16 337**	15 061
Ander reserwes		**17 845**	10 957
Behoue verdienste		**31 971**	27 723
Nie-beherende aandeelhouersbelang		**2 052**	2 112
Totale ekwiteit		**68 205**	55 853
Nie-bedryfslaste		**36 549**	29 176
Gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge		**6 768**	5 868
Laste - rentedraend	12	**27 395**	20 571
- nie-rentedraend		**452**	276
Ná-diens mediese verpligting		**176**	161
Afgeleide finansiële instrumente		**364**	972
Uitgestelde belasting		**1 394**	1 328
Bedryfslaste		**23 848**	18 234
Korttermyngedeelte van langtermynverpligtinge		**2 628**	2 296
Handelskrediteure		**5 318**	4 107
Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste		**13 981**	10 228
Afgeleide finansiële instrumente		**840**	180
Bankoortrekkings en opvraagbare lenings		**1 081**	1 423
Totale ekwiteit en verpligtinge		**128 602**	103 263
Netto batewaarde per N- gewone aandeel (sent)		**16 637**	13 630

Verkorte gekonsolideerde staat van kontantvloei	Jaar tot 31 Maart 2014 R'm	Jaar tot 31 Maart 2013 (Herstateer) R'm
Kontantvloei gegenereer uit bedryfsaktiwiteite	**3 274**	10 035
Kontantvloei aangewend in bedryfsaktiwiteite	**(8 036)**	(6 409)
Kontantvloei gegenereer uit finansieringsaktiwiteite	**2 114**	1 286
Netto beweging in kontant en kontantekwivalente	**(2 648)**	4 912
Valuta-omrekeningseffek	**1 001**	670
Kontant en kontantekwivalente aan begin van die jaar	**14 230**	8 648
Kontant en kontantekwivalente aan einde van die jaar	**12 583**	14 230

Aantekeninge by die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate

1. Algemene inligting

Die hoofbedrywighede van Naspers en sy bedryfsfiliale, gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye (gesamentlik "die groep") is die bedryf van media- en internetplatforms. Ons hoofwerksaamhede is e-handel en ander internetdienste, betaaltelevisiedienste en drukmedia.

2. Aanbiedingsgrondslag en rekeningkundige beleid

Die voorlopige verslag word opgestel in ooreenstemming met die vereistes van die JSE Beperk se noteringsvereistes en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet Nr 71 van 2008. Volgens die noteringsvereistes moet voorlopige verslae ooreenkomstig die raamwerkkonsepte, die metings- en erkenningsvereistes van die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), die SAICA Riglyne vir Finansiële Verslagdoening soos uitgereik deur die Komitee vir Rekeningkundige Praktyke en Finansiële Uitsprake soos uitgereik deur die Finansiële Verslagdoeningstandaarde Raad, en minstens ook die inligting wat deur IAS 34 *Tussentydse Finansiële Verslagdoening* vereis word. Die rekeningkundige beleid wat gevolg is met die opstel van die gekonsolideerde finansiële state waaruit die verkorte gekonsolideerde voorlopige finansiële state verkry is, strook met IFRS en is, behalwe soos hieronder aangedui, ook in ooreenstemming met die beleid wat in die vorige finansiële jaarstate toegepas is.

Die groep se rapporteerbare segmente weerspieël die komponente van die groep wat gereeld nagegaan word deur die uitvoerende hoof en ander senior bestuurders wat strategiese besluite neem, in ooreenstemming met IFRS 8 *Bedryfsegmente*. Die groep konsolideer sy aandeel in die resultate van sy geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings proporsioneel in die verskillende rapporteerbare segmente. Dit word as meer verteenwoordigend van die ekonomiese waarde van hierdie beleggings beskou.

Die groep het die segment wat voorheen as "ander internet" gerapporteer is met die e-handelsegment samegevoeg, aangesien hulle nou as segmente met soortgelyke ekonomiese kenmerke beskou word en aan die samevoegingskriteria van IFRS 8 voldoen. Vergelykende inligting is dienooreenkomstig hersaamgestel.

Handelswins sluit amortisasie van ontasbare bates (behalwe sagteware), ekwiteitsvereffende aandeelskemakoste, uitgawes ten opsigte van retensie-opsies en ander winste of verliese uit, maar sluit die finansieringskoste van transpondeerder-bruikhuurkontrakte in.

Kernwesensverdienste sluit eenmalige en nie-bedryfsitems uit. Na ons mening is dit vir aandeelhouers 'n nuttige maatstaf van die groep se volhoubare bedryfsprestasie. Dit is egter nie 'n omskrewe term ingevolge IFRS nie en is nie noodwendig vergelykbaar nie met maatstawwe met soortgelyke name wat deur ander maatskappye gerapporteer word.

3. Onafhanklike ouditeur

Die finansiële jaarstate is geouditeer deur die maatskappy se ouditeur, PricewaterhouseCoopers Geïnk., wie se ongekwalifiseerde ouditverslae oor die finansiële jaarstate en voorlopige verslag ter insae by die geregistreerde kantoor van die maatskappy beskikbaar is. Die ouditeursverslag dek nie noodwendig al die inligting wat in hierdie voorlopige verslag vervat is nie. Om 'n volledige begrip van die aard van die ouditeure se werk te kry, word aandeelhouers dus aangeraai om 'n kopie van die ouditeursverslag saam met die finansiële jaarstate by die geregistreerde kantoor van die maatskappy te kry.

4. Veranderings in rekeningkundige beleid

Die groep het al die nuwe en gewysigde rekeningkundige standpunte aanvaar wat deur die Internasionale Rekeningkundige Standpunte Raad (IASB) uitgereik is en gegeld het vir finansiële jare wat op 1 April 2013 begin het. Die volgende belangrike nuwe standpunte is aanvaar:

IFRS 10 *Gekonsolideerde Finansiële State*
IFRS 10 vervang die riglyne vir konsolidasie en beheer wat voorheen vervat is in IAS 27 *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State* en SIC-12 *Konsolidasie – Spesiale Doel Entiteite*. Die toepassing van IFRS 10 het nie die konsolidasiestatus van die groep se filiale enigsins verander nie en gevolglik is daar geen veranderings in die groep se gekonsolideerde finansiële resultate nie.

IFRS 13 *Billike Waarde Metings*
IFRS 13 probeer konsekwentheid verbeter en kompleksiteit verminder deur 'n presiese omskrywing van billike waarde te verskaf, asook 'n enkele bron vir die meting van billike waarde en openbaarmakingsvereistes vir gebruik binne IFRS. IFRS 13 is aanvaar en vooruitwerkend toegepas en daar is vasgestel dat aanvaarding nie 'n wesenlike uitwerking op die finansiële resultate van die groep gehad het nie.

IFRS 11 *Gesamentlike Ooreenkomste*
IFRS 11 vervang die riglyne wat voorheen vervat is in IAS 31 *Belange in Gesamentlike Ondernemings* en SIC-13 *Gesamentlik Beheerde Entiteite – Nie-monetêre Bydraes deur Ondernemers*. Wat belangrik is, is dat IFRS 11 vereis dat alle belange in gesamentlike ondernemings volgens die ekwiteitsmetode verantwoord word. Die groep het voorheen sy belange in gesamentlike ondernemings by wyse van proporsionele konsolidasie verantwoord – 'n lyn-by-lyn-konsolidasie van die groep se aandeel in die resultate van die gesamentlike ondernemings.

Die groep het IFRS 11 ten volle terugskouend toegepas deur gesamentlike ondernemings volgens die ekwiteitsmetode te verantwoord vanaf die begin van die vroegste tydperk wat in hierdie voorlopige verslag weergegee word, naamlik 1 April 2012. Die impak van die aanvaarding van IFRS 11 op die groep se gekonsolideerde finansiële resultate word hieronder geïllustreer (die toepassing van IFRS 11 het nie 'n beduidende impak op die staat van omvattende inkomste gehad nie).

	Jaar tot 31 Maart 2013		
Gekonsolideerde inkomstestaat	**Voorheen gerapporteer R'm**	**Verandering in beleid R'm**	**Herstateer R'm**
Omset	50 249	(380)	49 869
Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop	(27 852)	176	(27 676)
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes	(17 751)	392	(17 359)
Ander netto winste/(verliese)	(831)	96	(735)
Bedryfswins	3 815	284	4 099
Rente ontvang	433	10	443
Rente betaal	(1 501)	6	(1 495)
Ander netto finansieringsinkomste/(koste)	(248)	(10)	(258)
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate	9 001	(223)	8 778
– uitgesluit netto wins met verkoop van beleggings	6 359	(229)	6 130
– netto wins met verkoop van beleggings	2 642	6	2 648
Waardedaling in ekwiteitsverantwoorde beleggings	(2 057)	(80)	(2 137)
Verwateringsverlies van ekwiteitsverantwoorde beleggings	(96)	–	(96)
Verlies met verkrygings en verkope	(47)	(6)	(53)
Wins voor belasting	9 300	(19)	9 281
Belasting	(2 552)	19	(2 533)
Wins vir die jaar	6 748	–	6 748
Verkorte gekonsolideerde staat van kontantvloei			
Kontantvloei gegenereer uit bedryfsaktiwiteite	9 845	190	10 035
Kontantvloei aangewend in beleggingsaktiwiteite	(6 213)	(196)	(6 409)
Kontantvloei gegenereer uit finansieringsaktiwiteite	1 280	6	1 286
Netto beweging in kontant en kontantekwivalente	4 912	–	4 912
Valuta-omrekeningseffek	687	(17)	670
Kontant en kontantekwivalente aan begin van die jaar	8 791	(143)	8 648
Kontant en kontantekwivalente aan einde van die jaar	14 390	(160)	14 230

Verkorte gekonsolideerde staat van finansiële posisie

	Jaar tot 31 Maart 2013			Op 1 April 2012		
	Voorheen gerapporteer R'm	Verandering in beleid R'm	Herstateer R'm	Voorheen gerapporteer R'm	Verandering in beleid R'm	Herstateer R'm
Bates						
Nie-bedryfsbates	76 109	11	76 120	62 037	(26)	62 011
Eiendom, aanleg en toerusting	13 810	(94)	13 716	8 879	(115)	8 764
Klandisiewaarde en ander ontasbare bates	26 440	(45)	26 395	21 768	(175)	21 593
Beleggings in geassosieerdes en gesamentlike onder-nemings	33 150	237	33 387	28 095	366	28 461
Beleggings en lenings	1 891	(83)	1 808	2 564	(97)	2 467
Afgeleide finansiële instrumente	72	–	72	86	–	86
Uitgestelde belasting	746	(4)	742	645	(5)	640
Bedryfsbates	27 427	(284)	27 143	19 241	(250)	18 991
Voorraad	1 941	(5)	1 936	1 238	(7)	1 231
Program- en rolprentregte	1 868	–	1 868	1 522	–	1 522
Handels- en ander debiteure en lenings	7 310	(119)	7 191	5 935	(100)	5 835
Afgeleide finansiële instrumente	449	–	449	85	–	85
Kontant en kontant-ekwivalente	15 813	(160)	15 653	9 825	(143)	9 682
	27 381	(284)	27 097	18 605	(250)	18 355
Nie-bedryfsbates geklassifiseer as gehou-vir-verkoop	46	–	46	636	–	636
Totale bates	103 536	(273)	103 263	81 278	(276)	81 002
Totale ekwiteit	55 853	–	55 853	49 576	–	49 576
Nie-bedryfslaste	29 192	(16)	29 176	17 845	(41)	17 804
Langtermynverpligtinge	26 720	(5)	26 715	15 552	(25)	15 527
Ná-diens mediese verpligting	164	(3)	161	139	(2)	137
Afgeleide finansiële instrumente	972	–	972	839	–	839
Uitgestelde belasting	1 336	(8)	1 328	1 315	(14)	1 301
Bedryfslaste	18 491	(257)	18 234	13 857	(235)	13 622
Korttermyngedeelte van langtermynverpligtinge	2 298	(2)	2 296	1 613	(3)	1 610
Handelskrediteure	4 179	(72)	4 107	2 865	(72)	2 793
Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste	10 411	(183)	10 228	7 981	(160)	7 821
Afgeleide finansiële instrumente	180	–	180	206	–	206
Bankoortrekkings en opvraagbare lenings	1 423	–	1 423	1 034	–	1 034
	18 491	(257)	18 234	13 699	(235)	13 464
Nie-bedryfslaste geklassifiseer as gehou-vir-verkoop	–	–	–	158	–	158
Totale ekwiteit en laste	103 536	(273)	103 263	81 278	(276)	81 002

5. Wesensverdienste en kernwesensverdienste

Berekening van wesens- en kernwesensverdienste	Jaar tot 31 Maart 2014 R'm	Jaar tot 31 Maart 2013 (Herstateer) R'm
Netto wins toeskryfbaar aan aandeelhouers	**5 751**	6 047
Aangesuiwer vir:		
- versekeringsopbrengs	**-**	(2)
- waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting en ander bates	**112**	97
- waardedaling van klandisiewaarde en ontasbare bates	**1 461**	588
- (wins)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates	**(58)**	17
- winste uit verkrygings en verkope van beleggings	**(45)**	(11)
- hermeting van bestaande belang	**(700)**	-
- verwateringsverliese van ekwiteitsverantwoorde beleggings	**852**	96
- hermetings ingesluit by ekwiteitsverantwoorde resultate	**(2 447)**	(2 278)
- waardedaling in ekwiteitsverantwoorde beleggings	**1 201**	2 137
	6 127	6 691
Totale belastingeffek van aansuiwerings	**(81)**	(29)
Totale nie-beherende belang in aansuiwerings	**(65)**	(32)
Wesensverdienste	**5 981**	6 630
Aangesuiwer vir:		
- aandeel-vereffende aandeelskemakoste	**1 120**	850
- terugskryf/(skep) van uitgesteldebelasting-bates	**58**	(195)
- spesiale-dividend inkomste	**-**	(423)
- belastingaanpassing	**-**	(191)
- amortisasie van ontasbare bates	**1 385**	1 403
- billikewaarde-aansuiwerings en valuta-omrekeningsverskille	**(47)**	273
- retensie-opsie-uitgawe	**128**	135
- besigheidsamevoegings-verwante (winste)/verliese	**(9)**	51
Kernwesensverdienste	**8 616**	8 533

6. Rente ontvang/(betaal)

	Jaar tot 31 Maart 2014 R'm	Jaar tot 31 Maart 2013 (Herstateer) R'm
Rente ontvang	**606**	443
- lenings en bankrekeninge	**456**	408
- ander	**150**	35
Rente betaal	**(2 466)**	(1 495)
- lenings en bankoortrekkings	**(1 717)**	(1 044)
- transpondeerderhure	**(356)**	(231)
- ander	**(393)**	(220)
Ander netto finansieringsinkomste/(koste)	**(267)**	(258)
- netto valutaverskille en billikewaarde-aansuiwerings op afgeleide finansiële instrumente	**(344)**	(383)
- voorkeurdividende ontvang	**77**	125

7. Ekwiteitsverantwoorde resultate

Die groep se ekwiteitsverantwoorde geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings het soos volg tot die gekonsolideerde finansiële resultate bygedra:

	Jaar tot 31 Maart 2014 R'm	Jaar tot 31 Maart 2013 (Herstateer) R'm
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate	**10 835**	8 778
– verkoop van bates	**(19)**	–
– verkoop van beleggings	**(2 929)**	(2 648)
– waardedaling van beleggings	**532**	348
– winste met verkrygings en verkope	**–**	(8)
Bydrae tot wesensverdienste	**8 419**	6 470
– amortisasie van ontasbare bates	**897**	692
– aandeel-vereffende aandeelskemakoste	**987**	675
– besigheidsamevoegingskostes	**–**	13
– spesiale-dividend inkomste	**–**	(423)
– belastingaanpassing	**–**	(191)
– billikewaarde-aansuiwerings en valuta-omrekeningsverskille	**(181)**	(61)
– terugskryf/(skep) van uitgesteldebelasting-bates	**35**	(195)
Bydrae tot kernwesensverdienste	**10 157**	6 980
Tencent	**9 724**	6 652
Mail.ru	**911**	652
Abril	**(110)**	(69)
Ander	**(368)**	(255)

8. Wins voor belasting

Afgesien van die items wat hierbo toegelig is, is wins voor belasting bepaal nadat onder andere die volgende in ag geneem is:

	Jaar tot 31 Maart 2014 R'm	Jaar tot 31 Maart 2013 (Herstateer) R'm
Waardevermindering van eiendom, aanleg en toerusting	**1 942**	1 493
Amortisasie	**898**	1 146
– ontasbare bates	**711**	996
– sagteware	**187**	150
Ander netto winste/(verliese)	**(1 320)**	(735)
– wins/(verlies) met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates	**58**	(17)
– waardedaling van klandisiewaarde en ontasbare bates	**(1 461)**	(588)
– waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting en ander bates	**(112)**	(97)
– versekeringsopbrengs	**–**	2
– billikewaarde-aansuiwering op aandeelhouersverpligtinge	**195**	(35)
Winste/(verliese) uit verkrygings en verkope	**751**	(53)
– wins met verkoop van beleggings	**44**	68
– verlies met gedeeltelike verkoop van beleggings	**–**	(44)
– hermeting van toekomstige voorwaardelike betalings	**48**	13
– verkrygingsverwante koste	**(41)**	(73)
– hermeting van bestaande belang	**700**	–
– ander	**–**	(17)

9. Klandisiewaarde

Klandisiewaarde spruit voort uit die verkryging van belange in filiale en is aan 'n jaarlikse waardedalingsevaluering onderworpe. Bewegings in die groep se klandisiewaarde vir die jaar word hieronder toegelig:

	Jaar tot 31 Maart 2014 R'm	Jaar tot 31 Maart 2013 (Herstateer) R'm
Klandisiewaarde		
– kosprys	**24 077**	19 610
– opgelope waardedaling	**(2 484)**	(1 873)
Openingsaldo	**21 593**	17 737
– valuta-omrekeningsverskille	**3 226**	2 103
– verkrygings	**2 003**	2 423
– verkope	**(18)**	(164)
– waardedaling	**(993)**	(506)
Sluitingsaldo	**25 811**	21 593
– kosprys	**29 405**	24 077
– opgelope waardedaling	**(3 594)**	(2 484)

10. Beleggings en lenings

Die volgende hou verband met die groep se beleggings en lenings aan die einde van die jaar:

	Jaar tot 31 Maart 2014 R'm	Jaar tot 31 Maart 2013 (Herstateer) R'm
Beleggings en lenings	**50 675**	35 195
– genoteerde beleggings	**44 194**	29 157
– ongenoteerde beleggings	**6 481**	6 038

11. Verpligtinge

Verpligtinge hou verband met bedrae waarvoor die groep gekontrakteer het maar wat nog nie as verpligtinge in die staat van finansiële posisie erken is nie.

	Jaar tot 31 Maart 2014 R'm	Jaar tot 31 Maart 2013 (Herstateer) R'm
Verpligtinge	**22 417**	18 073
– kapitaalbesteding	**740**	1 064
– program- en rolprentregte	**17 701**	13 559
– netwerk- en ander diensverpligtinge	**1 530**	1 158
– transpondeerder-bruikhuurkontrakte	**424**	399
– bedryfshuurverpligtinge	**1 413**	1 333
– dekodeerderverpligtinge	**609**	560

12. Uitgifte van genoteerde effek en terugbetaling van bestaande fasiliteite

Die groep het in Julie 2013 'n 7-jaar internasionale effek van VS$1mjd uitgereik. Die effek verval in Julie 2020 en dra 'n vaste rentekoers van 6% per jaar. Die opbrengs is gebruik om 'n buitelandse wentelkredietfasiliteit gedeeltelik terug te betaal.

13. Besigheidsamevoegings en ander verkrygings

In Junie 2013 het die groep se filiaal MIH India Global Internet Limited (MIH Indië) 'n belang van 100% in redBus, 'n Indiese aanlyn-kaartjieplatform, verkry. Die billike waarde van die totale koopsom was R1mjd in kontant. Die koopprystoekenning: eiendom, aanleg en toerusting R4m; ontasbare bates R354m; kontant R29m en ontoeganklike kontant R96m; handels- en ander debiteure R27m; handels- en ander krediteure R41m; uitgestelde belastingaanspreeklikheid R114m en die res aan klandisiewaarde.

In Junie 2013 het die opsie om in te skryf op nuwe aandele in MIH Indië wat deur Tencent Holdings Limited gehou was, verval. MIH Indië bedryf e-handelsplatforms onder die ibibo-naam. Ooreenkomstig IFRS 10 het die groep beheer oor MIH Indië uitgeoefen vanaf die datum waarop die opsie verval het. Die groep het voorheen vir MIH Indië as 'n gesamentlike onderneming verantwoord. Die billike waarde van die totale geagte koopsom was R321m, wat die billike waarde van die belang in MIH Indië op die verkrygingsdatum is. 'n Wins van R274m is erken as gevolg van die hermeting van die bestaande belang in MIH Indië na billike waarde. Die koopprystoekenning: eiendom, aanleg en toerusting R5m; ontasbare bates R162m; kontant R71m; handels- en ander debiteure R64m; handels- en ander krediteure R78m; uitgestelde belastingaanspreeklikheid R51m en die res aan klandisiewaarde.

In Julie 2013 het die groep 'n addisionele belang van 28,6% verkry in Dubizzle, 'n aanlyn- geklassifiseerde advertensieplatform wat op Doebai toegespits is. Die groep se totale belang in Dubizzle het tot 53,6% gestyg en die groep verantwoord nou vir Dubizzle as 'n filiaal. Die billike waarde van die totale koopsom was R939m, wat bestaan uit R477m kontant vir die addisionele belang en R462m as die billike waarde van die bestaande belang in Dubizzle op die verkrygingsdatum. Die koopprystoekenning: eiendom, aanleg en toerusting R2m; ontasbare bates R381m; kontant R231m; handels- en ander debiteure R16m; handels- en ander krediteure R37m en die res aan klandisiewaarde. 'n Nie-beherende belang van R252m is op die verkrygingsdatum erken. 'n Wins van R231m is erken as gevolg van die hermeting na billike waarde van die groep se bestaande belang in Dubizzle voor die verkryging van die addisionele belang.

Die grootste bydraende faktor tot die klandisiewaarde in hierdie verkrygings is hul markteenwoordigheid. Hierdie klandisiewaarde sal waarskynlik nie vir inkomstebelastingdoeleindes aftrekbaar wees nie. Die nie-beherende belang is gemeet deur die proporsionele aandeel van die identifiseerbare netto bates te gebruik.

Die groep het verskeie kleiner verkrygings teen 'n totale koste van R270m aangegaan. Totale verkrygingsverwante koste van R41m is onder "Wins/(verliese) uit verkrygings en verkope" in die inkomstestaat aangedui. Indien die omset en netto resultate van redBus en Dubizzle vanaf 1 April 2013 ingesluit was, sou dit nie 'n beduidende uitwerking op die groep se gekonsolideerde omset en netto resultate gehad het nie.

Die volgende beleggings is in geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings aangegaan:

In Junie 2013 het die groep 'n addisionele belang van 6,1% in Souq Group Limited vir 'n kontantbedrag van R296m verkry. Souq is 'n aanlynkleinhandelaar en mark- en betaalplatform-onderneming met bedrywighede in die Verenigde Arabiese Emirate (VAE), Saoedi-Arabië, Egipte en Koeweit. In Maart 2014 het die groep 'n verdere belang van 11,8% in Souq Group Limited vir 'n kontantbedrag van R911m verkry. Die groep het nou 'n belang van 47,6% in Souq Group Limited.

In Julie 2013 het die groep 'n addisionele belang van 8,6% in Flipkart Private Limited, 'n voorste e-handelswerf in Indië, vir 'n kontantbedrag van R1 376m verkry. In Mei 2014 het die groep nog R543m kontant in Flipkart belê. Die groep het nou 'n belang van 17,7% in Flipkart op 'n ten volle verwaterde grondslag.

In Februarie 2014 het die groep 'n belang van 26,1% in SimilarWeb Limited, 'n aanlyn-ontledingsverskaffer, vir 'n kontantbedrag van R155m verkry. Die groep het 'n belang van 22,5% in SimilarWeb op 'n ten volle verwaterde grondslag.

In Februarie 2014 het die groep 'n belang van 30,7% vir R200m kontant verkry in Neralona Investments Limited, wat handel dryf as eSky.ru, 'n aanlyn-kleinhandelaar van kindergoedere in Rusland.

Bogenoemde verkrygings is hoofsaaklik deur die aanwending van bestaande kredietfasiliteite befonds.

14. Finansiële instrumente

Die inligting hieronder is 'n ontleding van die groep se finansiële instrumente, wat met elke verslagdoeningstydperk teen billike waarde gedra word, volgens hiërargie vlak soos vereis deur IFRS 7 en IFRS 13.

	Billikewaarde-metings op 31 Maart 2014 gegrond op:		
	Gekwoteerde pryse in aktiewe markte vir identiese bates of verpligtinge (Vlak 1) R'm	Beduidende ander waarneembare insette (Vlak 2) R'm	Beduidende onwaar-neembare insette (Vlak 3) R'm
Bates			
Beskikbaar-vir-verkoop beleggings	120	-	-
Valutatermynkontrakte	-	210	-
Rentekoersruilooreenkomste	-	1	-
Verpligtinge			
Valutatermynkontrakte	-	66	-
Aandeelhouersverpligtinge	-	-	806
Toekomstige voorwaardelike betalings	-	-	263
Rentekoers-ruilooreenkomste	-	332	-

Daar was gedurende die verslagdoeningstydperk geen oordragte tussen vlak 1, 2 of 3 nie, en ook nie beduidende veranderings aan die waardasietegnieke en insette wat gebruik is om billike waardes te bepaal nie.

Finansiële instrumente waarvan die billikewaarde geopenbaar word

31 Maart 2014	Dra-bedrag R'm	Billike waarde R'm	Vlak 1 R'm	Vlak 2 R'm	Vlak 2 R'm
Finansiële verpligtinge					
Lenings van nie-beherende aandeelhouers	480	478	-	-	478
Gekapitaliseerde bruikhuur-verpligtinge	7 277	7 074	-	-	7 074
Genoteerde skuldeffekte	17 784	19 706	-	19 706	-

Die billike waarde van effekte wat openbaar verhandel, is bepaal met verwysing na die genoteerde pryse van die instrumente op die verslagdoeningsdatum.

Rekonsiliasie van vlak-3 verpligtinge tov finansiële instrumente

Die volgende tabel toon die veranderinge in die vlak-3 instrumente vir die tydperk wat op 31 Maart 2014 geëindig het:	Aandeel-houers-verpligtinge R'm	Toekomstige voorwaardelike betalings R'm
Openingsaldo op 1 April 2013	704	185
Totale winste in inkomstestaat erken	(145)	(13)
Uitreikings	284	155
Skikkings	(82)	(91)
Valuta-omrekeningsverskille	45	27
Sluitingsaldo op 31 Maart 2014	806	263

Die billike waarde van aandeelhouersverpligtinge word bepaal deur 'n verdiskonteerde kontantvloeimodel te gebruik. Besigheidspesifieke aangepaste diskontokoerse word op geraamde toekomstige kontantvloei toegepas. Vir toekomstige voorwaardelike betalings verdiskonteer die groep huidige vooruitskattings tot die mate waartoe bestuur glo dat prestasiekriteria nagekom sal word teen koerse wat die tydwaarde van geld weerspieël. Kontraktueel-gespesifiseerde kontantvloei word gebruik. Veranderings in hierdie aannames kan die gerapporteerde billike waarde van hierdie finansiële instrumente beïnvloed. Die billike waarde van vlak-2 finansiële instrumente word bepaal met behulp van wisselkoerse wat in 'n aktiewe mark gekwoteer word en rentekoerse wat uit waarneembare opbrengskrommes verkry word.

15. Gebeurtenisse ná die verslagdoeningstydperk

Ná die jaareinde het die groep 'n addisionele R543m in kontant in Flipkart belê.

Naspers Beperk
(Registrasienommer: 1925/001431/06)
("Naspers")
JSE-aandeelkode: NPN ISIN: ZAE000015889
JSE-aandeelkode: NPN ISIN: ZAE000015889

Direkteure
T Vosloo (voorsitter), B van Dijk (uitvoerende hoof), C L Enenstein, D G Eriksson, F-A du Plessis, R C C Jafta, F L N Letele, Y Ma, D Meyer, R Oliveira de Lima, S J Z Pacak, T M F Phaswana, J D T Stofberg, B J van der Ross, J J M van Zyl

Plaasvervangende direkteur
M R Sorour

Maatskappysekretaris
G Kisbey-Green

Geregistreerde kantoor
Heerengracht 40, Kaapstad 8001
(Posbus 2271, Kaapstad 8000)

Oordragsekretaris
Link Market Services South Africa Eiendoms Beperk
13de Verdieping, Rennie House, Ameshoffstraat 19, Braamfontein 2001
(Posbus 4844, Johannesburg 2000)

ADB-program
Bank of New York Mellon bedryf 'n GlobalBuyDIRECT™-plan vir Naspers Beperk. Vir bykomende inligting, besoek gerus Bank of New York Mellon se webwerf by **www.globalbuydirect.com** of skakel Shareholder Relations by 1-888-BNY-ADRS of 1-800-345-1612 of skryf aan: Bank of New York Mellon, Shareholder Relations Department – GlobalBuyDIRECT™, Church Street Station, P O Box 11258, New York, NY 10286-1258, USA

Belangrike inligting
Hierdie verslag bevat vooruitskouende verklarings soos gedefinieer in die Verenigde State se "Private Securities Litigation Reform Act" van 1995. Woorde soos "glo", "verwag", "voorneem", "beoog", "wil", "beplan", "mag", "streef" en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sulke vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier om sulke uitdrukkings te identifiseer nie. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons standpunte en toekomsverwagtings verteenwoordig, kan verskeie risiko's, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesenlik van ons verwagtings verskil. Dit sluit faktore in wat ons ondernemings en finansiële prestasie negatief kan beïnvloed. Ons is geensins onder verpligting (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om ons vooruitskouings – hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeurtenisse of andersins – by te werk of te wysig nie. Beleggers word gemaan om nie te veel staat te maak op enige vooruitskouende verklarings wat hierin vervat is nie.

Borg
Investec Bank Limited

Watter diens lewer ons aan ons gebruikers?

Handelsgeleenthede, vermaak, inligting, speletjies en toegang tot vriende, waar hulle ook al is.

NASPERS
www.naspers.com